

**LINKS:** Só lyk die Kalahari Hunter wat ek getoets het. Dis 'n kwaliteitmes wat ek graag aanbeveel.

MESSE

# Kappetijn span die seile

*Deur* KOOS BARNARD

Jagters wat op die uitkyk is vir 'n pragtige mes van topgehalte sal sukkel om beter te kry as Kappetijnmesse.

'n Mes is nou maar een maal 'n stukkie gereedskap wat baie mans na aan die hart lê, of hulle nou jagters is of nie. Dit is 'n feit dat baie jagters vandag glad nie meer hul eie bokke se pense uithaal, afslag of selfs die biltong sny nie. Hoe dit ook al sy, 'n jagter wat nie 'n mes besit en dit vir een of ander takie gebruik nie, is skaars.

Sommige mense (jagters inkluis) versamel messe en hul groot vreugde lê daarin om dit af en toe uit te haal, daarna te kyk, dit te troetel of om die versameling vir ander te wys.

Ek is een van daardies wat my messe gereeld gebruik vir pens uithaal, slag en biltong sny asook vir groente skil of kerf tydens jagtogte. My versameling groei elke jaar en soms skud ek kop vir myself oor 'n "beter" mes wat ek net eenvoudig móét hê. Dit was onlangs weer die geval tydens die HuntEx-skou toe ek verby Dennis Kappetijn se stalletjie loop. Hy het 'n hele paar messe, gemaak van Damaskusstaal, uitgestal en van hulle het my oog gevang.

**GEMAAK VAN STAAL**

Damaskusstaal is pragtig, sommer windmakerig pragtig en gebruik jy so 'n mes vra mense gewoonlik na die unieke patrone in die staal. Die "Damaskusstaal" wat ons vandag ken is eintlik nie ware Damaskus nie. Ware Damaskus het sy oorsprong in Indië gehad ongeveer 300vC en is later in die Midde-Ooste en Europa gebruik om veral swaardlemme van te maak. Die oorspronklike Damaskus het verskillende stale vermeng om 'n patroon te vorm wat herinner aan lopende water. Ongelukkig het dié tegniek verlore geraak.

Moderne "Damaskus" is eintlik maar net die smee van verskillende stale (*pattern welding*) om allerlei patrone in die staal vas te vang. Stroke of stawe staal word warm gemaak, om mekaar gedraai, gesmee, weer warm gemaak en herhaalde kere gevou en weer gesmee. Met al hierdie smeewerk en die gepaardgaande vou- en draaiprosesse kan die allerpragtigste en ingewikkelde patrone geskep word. Soms gebruik mesmakers ook gepoeierde staal wat in vorms gegiet word om allerlei prentjies en patrone in staalstawe vas te vang wat vir die lemme gebruik kan word.

Sommige ou haelgeweerlope is ook van sogenaamde Damaskusstaal gemaak. Dit is 'n proses waar staalstroke warm gemaak, om 'n vorm gedraai en gehamer of gesmee is om uiteindelik 'n loop te vorm. Deur eers verskeie staalstroke in mekaar te smee en dit dan om die loopvorm te draai en te smee kon verskillende patrone ook verkry word. Hierdie lope is egter nie baie sterk nie en kan "los spring" as moderne ammunisie, wat hoë druk veroorsaak, daarin gevuur word. Daarom dan dat die meeste Damaskuslope net vir swartkruit geproef is.

Niemand weet presies waar die naam Damaskusstaal vandaan kom nie. Sommige spekuleer dat baie van hierdie tipe swaarde in Damaskus vervaardig en verkoop is of dat die staal vernoem is na damas, 'n kleedstof wat baie